

Sondag 10 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Efesiërs 2: 4

Ons troos: God het ons innig lief

Die liefde van God maak dié verskil tussen lewe en dood. Van nature is mense dood (vs 1). Dood nie omdat ons ophou asemhaal nie. Nee, dood as gevolg van ons sondige natuur. Ons sondige natuur lei tot allerlei sondes en oortredings. Die gelowiges in Efese, bekeerlinge uit die heidendom, het hierdie “dood-wees” verstaan. In hulle lewe was daar ’n duidelike keerpunt. Voor die keerpunt was hulle dood. Hulle het hulle sondige aard, begeertes en luste uitgeleef – saam in die hoofstroom met die God-vyandige-wêreld. Ongehoorsaam aan God. Hulle was dood, onder die oordeel en straf van God, want Hy straf sonde met die dood (Gen. 2:16-17; Rom. 6:23). Baie van ons, gelowiges van vandag, het in die kerk grootgeword en daar is nie so ’n duidelike keerpunt en onderskeid in ons lewe nie. Daarom bestaan die gevaar dat ons vergeet dat ons:

- van nature weens die sonde dood is,
- net soos die ander mense deur God gestraf moes word.

MAAR – maar God het ons innig lief. God se liefde is dié keerpunt en die enigste rede waarom ons en hulle nie deur Hom gestraf is nie. God se liefde maak Hom ryk in barmhartigheid (vs 4) en genade (vs 7). In sy groot barmhartigheid gee Hy nie vir ons wat ons verdien nie – die dood as straf op ons sondes. In sy groot genade gee Hy vir ons wat ons nie verdien nie – dié lewe in Christus Jesus! God gee sy liefde aan ons in sy Seun, Jesus Christus (Ef. 1:1-14) en deur sy Gees (Rom. 5:5). Hy het ons saam met Christus:

- lewend gemaak – opgewek uit die dood;
- ’n plek in die hemel gegee – lewe tot in ewigheid!

In sy liefde en genade werk God die Heilige Gees geloof in ons (Ef. 1:13-14). Geloof is die hande wat God ons gee om sy liefde in Christus Jesus te ontvang. Geloof wat God skenk (vs 8) gaan oor in liefde tot goeie dae. Daartoe het Hy ons verlos en daardeur dank en verheerlik ons Hom. Mag ons geloof – God se werk in ons – vir onself en vir ander wys:

- God het ons innig lief;
- in sy groot liefde het Hy ons wat dood was, in Christus Jesus lewend gemaak.

Sing: Lied 332:1, 2, 3, 4

Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)